

Donderdag 13 Junie

Skrifgedeelte: Eksodus 12:43-51

Fokusgedeelte: Eksodus 12:48, 49

Slegs as jy gedoop is ...

Israel was op die punt om uit Egipte weg te trek toe die Here die paasfees ingestel het. Die paasfees moes elke jaar op dieselfde dag gevier word as die dag waarop die Here sy volk uit Egipte bevry het (vs 51). Hy het die voorskrifte daarvoor gegee en ook duidelik gemaak wat die verband tussen die besnydenis en die paasfees is (vs 48). Slegs besnedenes was toegelaat om die paasfees te vier.

Met die besnydenis is die verbond tussen die Here en sy volk bevestig. Dat Hy hulle God sal wees, en hulle sy gehoorsame volk moet wees (Gen. 17:7-11). Met die besnydenis as verbondsteken is hulle ingelyf in die volk van God.

Die paasfees is ingestel om hulle te herinner dat die Here hulle uit Egipte verlos het. Die bloed van die paaslam was ook elke keer vir hulle 'n versekering dat die Messias sal kom om sy volk deur sy bloed te verlos.

Wat hierdie besondere gebeure vandag van toepassing maak, is dat die doop as verbondsteken deur die soenverdienste van Christus in die plek van die besnydenis gekom het (Kol. 2:11, 12). Met jou doop is jy ingelyf in die kerk van die Here.

Soos met die besnydenis is die beloftes van die Here by die paasfees ook vervul deur die soenverdienste van Jesus Christus. Die Messias het gekom en die nagmaal is ingestel om aan ons, aan wie die verbond van God deur die doop verseël is, elke keer weer te verseker van ons verlossing deur Hom.

Op grond hiervan moet die kerk van die Here ook vandag nog toesien dat, benewens ander vereistes wat nagekom moet word, geen ongedoopte die nagmaal van die Here gebruik nie. Die verbondstekens van die Here is heilig en bedoel vir hulle wat deel het aan sy verbond.

Sing: Psalm 105-1:5

Ds. JB du Plessis (Jan) (Emeritus)